# *UIT DIE PEN VAN DIE THE CEO (10/10)*

*Justin Chadwick (12 Maart 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK: *"I have found out that there is no surer way to find out whether you like people or hate them than to travel with them" Mark Twain*

## PRODUSENTE ROADSHOWS

Die hitte het ons van die Noord-Kaap tot in die noordelike streke gevolg – wat goed voorspel vir goeie, hoë kwaliteit vrugte aangesien oorvloedige reëns in meeste van die areas geval het en die damme en riviere vol is. In die Senwes streek (Marble Hall en Groblersdal) word daar baie geplant en produsente sien uit na 'n goeie oes. Die opkoms van die produsente by die roadshow in Groblersdal was fantasties, wat 'n hernieude belangstelling van produsente in hul bedryf en aktiwiteite van die CGA toon. Die positiewe kommentaar by alle roadshows oor CGA/CRI/Sitrus Akademie en RB se aktiwiteite is werklik inspirerend – ja het ons baie om te doen maar dit lyk of ons op die regte pad is. Op ons pad na Weipie het ons langs die grens gery en gesien dat die Limpoporivier sterk vloei – met dubbele lemmetjiesdraad en elektriese heinings om die paar oorblywende Zimbabwiërs uit Suid-Afrika te hou. Die Limpoporivier vergadering is in warm omstandighede gehou met 'n baie goeie opkoms insluitende baie nuwe produsente van die bedryf.
Letsitele was 'n uitdaging omdat daar die krag af was gedurende die eerste helfte van die aanbiedeninge. Weereens 'n vergadering wat goed bygewoon is met 'n merkbare aantal nuwe bedryfslede. Die oes in Letsitele lyk goed – met goeie drag aan die bome. En laaste na Hoedspruit – met 'n lugverkoelde raadsaal om ons teen die hitte van buite te beskerm. Die boorde rondom Hoedspruit lyk besonder goed en die oes ontwikkel goed – alhoewel die streek goeie reën benodig. Die aanbiedeninge sal onder die afdeling vir lede op die CGA se webtuiste vanaf volgende week beskikbaar wees (www.cga.co.za). Dankie aan Jacomien, Hennie, Keith, Mitchell, Lukhanyo en Andrew vir hul aanbiedeninge en aan diegene wat die plekke en akkommodasie gereël of verskaf het. Weereens het die reis oor die lengte van die land gewys hoekom ons so 'n kompeterende globale sitrusuitvoerder is. Die wye reeks van klimate sorg vir 'n bobaas sitrusmandjie en die vermoë van die produsente en die tegnologie wat oor tyd ontwikkel is hou die Suid-Afrikaanse sitrus produsente bo-aan die lys.
Die volgende vergaderings wag nog op Paul se groep: **16 Maart** Nelspruit 14:00 [CRI Raadsaal]; en **17 Maart** Onderberg 09:00 [Golden Frontiers], Swaziland 14:00 [Ngonini].

## MAPUTO

Mitchell Brooke het aan die produsente in die Noorde 'n deeglike oorsig gegee oor die rede vir die gebruik van die Maputo hawe. In 2009 het 60 000 sitrus palette deur Maputo gegaan – die potensiaal is in die reeks van 120 000 tot 140 000 palette. Ons moet hierdie kapasiteit ten volle benut om die druk van Durban af te neem. Om suksesvol te wees is dit belangrik dat dit koste effektief sal wees om Maputo te gebruik en dat die vrugte goed in die hawe hanteer sal word. CGA sal graag wil help met die koördenering van volumes deur Maputo. Deur inligting van produsente, pakhuise en uitvoerders te ontvang oor die hoeveelhede wat geskeduleer is om deur Maputo te gaan, die weke waarin dit afgelewer gaan word en die markte waarheen dit gaan, is dit moontlik om alle rolspelers te adviseer oor die spitstye, die tye wat die hawe moontlik vol gaan wees, wanneer daar moontlik te min vrugte gaan wees en om die vloei van die vrugte te monitor sodat aksies effektief kan wees. As jy meer wil uitvind, kontak vir Mitchell by Mitchell@cga.co.za. CGA was ook in kontak met 'n bron in Maputo wat kan help met die oefening en in die hawe teenwoordig kan wees en ook terselftertyd ander dienste kan verskaf soos om na vrugkwaliteit, staantyd en hantering van vrugte in die hawe om te sien (op 'n gebruiker betaal basis).

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE SITRUS PRODUSENTEVERENINGING, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**